

**MUSIKALE KARAKTERISERING
IN BENJAMIN BRITTEN SE OPERA
*BILLY BUDD***

Karen Vermeulen, B.Mus.

**Skripsie voorgelê vir die gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die
graad Magister Musicae aan die Noordwes-Universiteit**

Studieleier: Prof. B.M. Spies
Hulpstudieleier: Mnr. P.J. van der Merwe

2006

Potchefstroomkampus

Voorwoord

Hiermee wil ek graag my hartlike dank betuig aan my studieleier, prof. Bertha Spies. Haar professionele en akademiese leiding tydens my navorsing en met die afronding van hierdie manuskrip was van onskatbare waarde en het van hierdie studie 'n besondere ervaring gemaak.

'n Woord van dank gaan ook aan:

- Jaco van der Merwe, my hulpstudieleier, wie se professionele leiding opreg waardeur word;
- dr. Mauritz Vorster en prof. Marius Swart vir die taalversorging van die manuskrip;
- my ouers vir hul onselfsugtige motivering en aanmoediging;
- my man vir sy onderskraging.

Bo alles, dank aan my Skepper.

ABSTRACT

Musical characterisation in Benjamin Britten's opera *Billy Budd*

Musical characterisation plays an important role in Britten's operas. The aim of this study was to determine how Britten depicts the diverse, dualistic characters in *Billy Budd* through music. Ambiguity, which is characteristic of this opera, is the result of the manner in which the plot is portrayed musically through developing motives.

The conflict between the diverse characters in *Billy Budd* is depicted by the thematic material. The musical ideas and motives change as the plot becomes more complex. The method of investigation was, in the first instance, to analyse the musical ideas associated with each character. Second, the manner in which these ideas change through the course of the opera was pointed out.

The story does not only concern itself with the relationship between good and evil. The fate of the three main characters, Billy, Vere and Claggart, is precisely the opposite of their true nature. Who they really are, is not reflected in their doings, as depicted by the integrated themes. Billy, the innocent boy, kills. Vere, the father figure, doesn't protect Billy on the day of his conviction. Claggart, who manipulates to have his own way, can't avoid his own death.

This study shows that Billy is represented by the stammer figure and Vere by the "Starry Vere" motive. Vere's inner conflict is depicted by the ambiguous combination of a major third and minor third interval. The confusion that eventually leads to Billy's demise is represented by intervals of a perfect fourth, associated with Claggart. During the course of the opera, Vere's music is infiltrated by Claggart's motives.

Billy is represented in the opera by the woodwind instruments, Vere by the strings and Claggart by the brass instruments.

Key words

Britten, musical characterisation, *Billy Budd*, ambiguity.

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
HOOFSTUK 1: Inleiding	4
1.1 Probleemstelling	4
1.2 Doelstelling	6
1.3 Sentrale teoretiese argument	6
1.4 Metode van ondersoek	6
HOOFSTUK 2: Die ontstaansgeskiedenis en verhaal van <i>Billy Budd</i>	8
2.1 Herman Melville se bydrae tot die opera	8
2.2 Britten se musiek	9
2.3 Die verhaal van <i>Billy Budd</i>	12
2.4 Koppeling met die Franse Rewolusie	14
HOOFSTUK 3: Musikale karakterisering in <i>Billy Budd</i>	16
3.1 Meerduidigheid musikaal voorgestel	16
3.2 Karakters deur musikale idees voorgestel	17
3.2.1 Billy Budd	17
3.2.2 Kaptein Vere	18
3.2.3 Claggart	23
3.2.4 Die werkerstema	25
HOOFSTUK 4: Verwikkelingsintrige musikaal voorgestel	28
4.1 Die karakterisering van Billy in die loop van die opera	28
4.2 Die karakterisering van Vere in die loop van die opera	32
4.2.1 Meerduidigheid in Vere se musiek	33
4.2.2 "Starry Vere"-motief	42
4.2.3 Meerduidigheid opgelos?	45

	Bladsy
4.3 Die karakterisering van Claggart in die loop van die opera	48
HOOFTUK 5: Samevatting en gevolgtrekkings	58
BIBLIOGRAFIE	62

HOOFSTUK 1

Inleiding

Britten word as een van die belangrikste twintigste-eeuse komponiste beskou. Hy het altesaam veertien operas geskryf waaronder bekendes soos *Peter Grimes*, *Gloriana*, *The Turn of the Screw* en *A Midsummer Night's Dream*. Volgens Northcott (2001:32) is hy naas Richard Strauss, Giacomo Puccini en Leoš Janáček die enigste twintigste-eeuse komponis wat oor 'n omvangryke opera-oeuvre beskik wat in die internasionale repertorium uitgevoer word.

In die 25 jaar sedert Benjamin Britten se dood het sy musiek net gewilder geword, anders as die geval met komponiste soos J.S Bach, Sibelius en Mahler. "Britten's operas will have received 60 different productions in 18 countries, with two-thirds of these 500-plus performances being staged in non-English-speaking countries" (Ashman, 2001:3).

1.1 Probleemstelling

Britten het *Billy Budd* in Februarie van 1950 begin en in die herfs van 1951 voltooi. Die opera is vir die eerste keer op 1 Desember 1951 in die Koninklike Operahuis, *Covent Garden*, uitgevoer. Britten verkort die opera in 1960 van 'n vier-bedryf na 'n twee-bedryf opera. Hierdie nuwe weergawe is vir die eerste keer gehoor in 'n ateljee-uitsending deur die BBC op 13 November 1960 (White, 1970:77). Die opera is baie gewild en suksesvol (White, 1970:66). Volgens Georg Solti, die internasionaal erkende dirigent wat ook ander operas van Britten soos *A Midsummer Night's Dream* gedirigeer het, is *Billy Budd* Britten se beste opera (Simon, 2000:53).

Volgens Culler verteenwoordig elke karakter in die opera sekere morele waardes (1983:235). Waar meeste operas die verhouding tussen mans en vroue betrek, handel *Billy Budd* oor diepgaande verhoudings tussen mans – die opera bevat inderwaarheid net manlike karakters, maar die verwickelingsintrige is nie homoseksueel van aard nie (Brett, 1984:135). Die simboliek in *Billy Budd* word vergestalt in die temas en motiewe wat elke karakter simboliseer en uiteindelik die konflik uitbeeld.

Konflik in *Billy Budd* word bewerkstellig deur uiteenlopende karakters en kragte wat uiteindelik die held vernietig (Brett, 1984:137). In die musiek self word die konflik geskep deur kontrasterende idees wat teenoor mekaar gestel word en so die spanning tussen karakters simboliseer.

Billy, 'n nuweling op die handelskip *Indomitable* is 'n onskuldige matroos wat hinkel. Die onsensitiewe skeepsprovoos Claggart, beskuldig Billy van 'n muitery waarin Billy van angstigheid geen woord kon uiter toe hy wil verduidelik nie. Al manier om homself uit te druk is om vir Claggart te slaan, wat uiteindelik dan Claggart se dood veroorsaak. Kaptein Vere, wat die outoriteitsfiguur op die skip is, simboliseer opvoeding en aristokrasie. Weens sy sensitiewe karakter simpatiseer hy met Billy maar laat hy Billy nog steeds hang. Vere is daarom in konflik nie net met Claggart nie, maar ook met homself (Culler, 1983:235).

Die verhaal gaan daarom nie net om die verhouding tussen goed en kwaad nie. Oppervlakkig gesien kan die karakters as eendimensioneel beskou word: Claggart is boos, Billy is goed en Vere is wys. Dis egter nie so eenvoudig nie. Die noodlot van die karakters is presies die teenoorgestelde van wat hulle werklik is. Billy is oulik, onskuldig en onskadelik, nogtans maak hy dood. Claggart is boos, dwarstrekkerig en vals, nogtans sterf hy as 'n slagoffer. Vere is skerpinnig en verantwoordelik, nogtans laat hy 'n man hang wat hy voel onskadelik is (Culler, 1983:235). Dit gaan om die verskil tussen die aard van elke karakter en wat hulle doen. Dit wat hulle is, word nie weerspieël in hul doen en late nie (Culler, 1983:235). Die tweeledigheid in Billy se karakter kan omskryf word as iemand wie se donker menswees onderdruk word en te voorskyn kom wanneer hy Claggart doodslaan. In hierdie tweeledigheid weier Claggart om net die goeie van Billy te aanvaar (Culler, 1983:237).

Musikale karakterisering speel 'n belangrike rol in Britten se operas. Hy komponeer met spesifieke karakters in gedagte. Hy het nie net in hulle professionele vaardighede belang gestel nie maar ook in hulle karaktereienskappe (Brett, 1984:137). Die konflik tussen uiteenlopende karakters word in die musiek vergestalt deur middel van tematiese materiaal. Kontrasterende musikale idees word gebruik om die botsing tussen karakters uit te beeld. Waar die fokus normaalweg op individuele arias of vokale musiek is, is dit in *Billy Budd* op die uitbeelding van komplekse karakters (Johnson, 2002:76).

Die probleem is dus:

Hoe word die uiteenlopende, komplekse karakters deur middel van die musiek in Britten se *Billy Budd* uitgebeeld?

1.2 Doelstelling

Volgens Culler verteenwoordig elke karakter in die opera sekere morele waardes (1983:235). Met hierdie studie word beoog om vas te stel hoe Britten die uiteenlopende, dualistiese karakters deur middel van musiek in *Billy Budd* uitbeeld.

1.3 Sentrale teoretiese argument

Die karakters in *Billy Budd* word uitgebeeld deur spesifieke tematiese materiaal en orkestrasie.

1.4 Metode van ondersoek

- Die volgende databasisse word geraadpleeg:

Academic Search Premier

ERIC

RILM

SACat

NEXUS

- 'n Literatuurstudie van Britten se komposisiestyl.
- 'n Analise van Britten se opera, *Billy Budd* (t.o.v hoe tematiese materiaal en motiewe aan spesifieke karakters verbind word en hoe orkestrasie aangewend word om karakters uit te beeld).
- Interpretasie van data.

Vervolgens sal die onstaansgeskiedenis en verhaal van *Billy Budd* bespreek word. Daarna sal die musikale karakterisering en die verwikkelingsintrige soos wat dit musikaal voorgestel is, bespreek word. Ten slotte sal die samevatting en gevolgtrekkings aangegee word.

HOOFSTUK 2

DIE ONTSTAANSGESKIEDENIS EN VERHAAL VAN *BILLY BUDD*

In dié hoofstuk word aangedui hoe die opera ontstaan en ontwikkel het tot die *Billy Budd* wat ons vandag ken. Verskeie mense se bydraes tot die opera, word in die hoofstuk bespreek. Die verhaal van *Billy Budd* word bespreek asook die verband tussen die Franse Rewolusie en die opera.

2.1 Herman Melville se bydrae tot die opera

Toe Herman Melville op 28 September 1891 op die ouderdom van 72 sterf, laat hy 'n onvoltooide manuskrip na, 'n kort novelle getiteld *Billy Budd*. Daar was drie fases in die ontstaan van die roman.

In die eerste fase, wat in 1886 begin het, het *Billy Budd* bestaan uit 'n gedig met 'n kort inleiding in prosa. Die gedig was die 32-lyn ballade *Billy in the Darbies*. Die karakter van Billy was hier anders as die onskuldige karakter waarin hy later sou ontwikkel. Die storie het rondom 'n heelwat ouer man gedraai wat van munitery aangekla is terwyl hy verhoorafwagend was (Cooke, 1993:18). Die tweede fase van *Billy Budd* het begin toe Melville besluit het om die ballade na 'n prosa-storie te verander. In die proses moes hy die rol van John Claggart skep. Billy het in hierdie fase heelwat jonger en onskuldiger geword. In November 1888 het die finale fase in die ontwikkeling van die novelle begin. In hierdie stadium het Melville die karakter van Kaptein Vere versterk. Aan die einde van die manuskrip skryf Melville: 'End of Book/April 19, 1891', maar die proses van hersiening het voortgegaan tot en met sy dood (Cooke, 1993:19).

'n Paar historiese insidente het bygedra tot Melville se finale weergawe van *Billy Budd*. Een gebeurtenis was die doodsvonnis van 'n jong matroos aan boord van die *US St Mary's* in Mexico in 1846. Die vonnis het gevolg nadat die matroos 'n luitenant geslaan het (Cooke, 1993:17).

Die name van drie hoofkarakters is gewoonlik in Melville se geskrifte gevind. Hy probeer om fundamentele aspekte van die karakters se persoonlikhede te reflekteer. Die persoonlikhede van die drie karakters in *Billy Budd* word soos volg uiteengesit: Die Keltiese ekwivalent van die god Apollo (Hu) was aangespreek as 'Beli' en 'Budd', waar 'Budd' verwys na die proses van gesonde lentegroei. Kaptein Vere is afgelei van *vir* (man) en *veritas* (waarheid), terwyl sy middelnaam Fairfax afgelei kan word van 'fair facts'. Die naam Claggart kry sy oorsprong van die Engelse werkwoord 'clag', wat beteken "to stick closely to something in an unhealthy manner" (Cooke, 1993:19).

Na Melville se dood het Raymond Weaver die manuskrip by Melville se kleindogter, Eleanor Melville Metcalf, gekry en die eerste uitgawe in 1924 uitgegee. In 1946 het William Plomer die teks gewysig en was dit ook dié kopie wat Britten besit het. 'n Nuwe Amerikaanse uitgawe (deur F.B. Freeman) wat twee jaar later verskyn het, het nog misverstande in die teks uit die weg geruim. In 1962 het die harde werk van Harrison Hayford en Merton Sealts 'n betroubare teks opgelewer (Cooke, 1993:16).

Billy Budd bevat 'n sterk element van 'n outobiografie. Die roman is opgedra aan Jack Chase, 'n man wat saam met Melville van Honolulu na Boston op die fregatskip *United States* geseil het. Chase het in baie opsigte met die karakter van Billy Budd ooreengestem: hy was aantreklik, gewild onder die matrose op die skip en het gehakkel.

2.2 Britten se musiek

Daar is verskeie redes vir Britten se belangstelling in Herman Melville se novelle. Britten is in 'n huis gebore wat oor die Noord-See uitgekyk het, so na aan die see dat mens die branders kon hoor (Simon, 2000:3). Hy het in Februarie van 1950 aan die opera begin werk en in die herfs van 1951 voltooi. Die vier-bedryf weergawe is vir die eerste keer op 1 Desember 1951 in die Koninklike Operahuis, *Covent Garden*, opgevoer. Die struktuur van die eerste weergawe was soos volg:

Proloog (Prologue)

Bedryf I (Act I): Billy sluit aan by die *Indomitable* en besing Vere
Eksposisie (Exposition): met lof

Bedryf II (Act II): Toneel 1: Vere se kajuit
Stadige beweging (Slow movement): Toneel 2: Slaapkajuit (Berth-deck)

Bedryf III (Act III): Toneel 1: Vervolging van die "French man o'war"
Scherzo: Toneel 2: Konfrontasie in Vere se kajuit

Bedryf IV (Act IV): Toneel 1: Billy in die *Darbies*
Finale Toneel 2: Billy se doodsvonnis

Epiloog (Epilogue)

Die rolbesetting van die opera het soos volg gelyk:

Kaptein Vere	Peter Pears
Billy Budd	Theodor Uppman
Claggart, skeepspvoos	Frederick Dalberg ¹
Mr. Redburn, Eerste Luitenant	Hervey Alan
Mr. Flint, Seilmeester	Geraint Evans
Luitenant Ratcliffe	Michael Langdon
Red Whiskers	Anthony Marlowe
Donald	Bryan Drake
Dansker	Inia Te Wiata
Nuweling (<i>Novice</i>)	William McAlpine
Squeak, skeepskorporaal	David Tree
Bootsman (<i>Bosun</i>)	Ronald Lewis
Eerste Stuurman	Rhydderch Davies
Tweede Stuurman	Hubert Littlewood

¹ Frederick Dalberg, as Claggart in die eerste opvoering, was 'n bas-sanger wat in Suid-Afrika (Pretoria) groot geword het (Malan, 1980:296).

<i>Maintop</i>	Emlyn Jones
Nuweling se vriend	John Cameron
Arthur Jones	Alan Hobson
Vier seekadette (<i>Four Midshipmen</i>)	Brian Ettridge, Kenneth Nash, Peter Spencer, Colin Waller
Kajuitjonge	Peter Flynn

Dirigent	Benjamin Britten
Regisseur	Basil Coleman
Ontwerper	John Piper
Koormeester	Douglas Robinson
<i>Covent Garden Orkes, Leier</i>	Thomas Matthews

Die orkestrasie van die opera is soos volg:

4 fluite (dubbel piccolos), 2 hobos, cor anglais, 2 klarinette (2^{de} E^b klarinette en 2de basklarinette verdubbel), basklarinet, altsaxofoon, 2 fagotte, dubbel fagotte, 4 horings, 4 trompette (3^{de} in D), 3 skuiftrompette, tuba, timpani, perkussie (ses spelers), harp, strykers.

Die vier-bedryf *Budd* is verkort na twee bedrywe in 1960. Die twee-bedryf opera se uiteensetting lyk soos volg:

Bedryf I

Proloog

- Toneel 1: Die hoofdek en kwartdek van H.M.S. *Indomitable*
- Toneel 2: Die kaptein se kajuit
- Toneel 3: Die slaapkajuit

Bedryf II

- Toneel I: Die hoofdek en kwartdek
 - Toneel II: Die kaptein se kajuit
 - Toneel III: Die inham van die bo-geweerde (a bay of the upper gun-deck)
 - Toneel IV: Die hoofdek en kwartdek
- Epiloog**

Tydsduur: Bedryf I: 82 minute
 Bedryf II: 76 minute

Hierdie nuwe weergawe is vir die eerste keer gehoor in 'n ateljee-uitsending deur die BBC op 13 November 1960 (White, 1970:77).

2.3 Die verhaal van *Billy Budd*

In die proloog van die opera val die kollig op Vere, terwyl die res van die verhoog in donkerte gehul is. Die ou kaptein bepeins sy verlede: "I am an old man". Hy dink terug aan die dae toe hy in bevel van die *Indomitable* was. Dit was gevaarlike dae van muitery en vrydenkery, veroorsaak deur die Franse Revolusie (sien 2.4).

In die begin van die eerste bedryf is die hele verhoog verlig. Dit toon die hoof- en kwartdek van die *Indomitable*. Die skeepslui is almal besig met hul pligte. Die Nuweling stamp per ongeluk teen die Bootsman (*Bosun*) en word kwaai berispe. Later gly en val hy en word daarvoor tot twintig houe gevonniss. Die terugkeer van die kotter, wat op 'n ronselaarsekspedisie was, word aangekondig. Drie nuwe rekrute wat hulle saamgebring het, word nou deur die luitenant en die skeepsprovoos, Claggart, ondervra. Een van die drie, Billy Budd, maak 'n groot indruk op hulle. Hy het slegs een tekortkoming: as hy onder druk geplaas word, hakkel hy (Steyn, 1978:323).

Tot sy groot vreugde word hy as voormarsman (*Foretopman*) aangestel. Jubelend sing hy 'n vaarwel aan sy ou skip, die *Rights-of-man*. Die 'Rights-of-Man' was die naam van die handelskip van waar Billy in diens gestel is (Cooke, 1993:18). Diskussies oor menseregte (soos, 'Rights-of-Man') het groot opspraak gemaak in die tyd omdat gewone mense geen regte gehad het nie (Crook, 1995:191). Claggart en die ander bemanning het om hierdie rede sy woorde heeltemal verkeerd vertolk deurdat hulle hom van muitery verdink het. Wanneer die drie rekrute weg is, ontbied Claggart sy spioen, Squeak, en vra hom om die nuweling (Billy Budd) te verwar: "Keep an eye on the big lad with the stammer, Billy Budd.". 'n Vriend van die Nuweling verskyn met die nuus dat hy lyfstraf gekry het. Met die steun van vriende verskyn die gebroke Nuweling ook op die toneel. Billy is geskok en simpatiek teenoor die Nuweling, maar sweer dat dit nooit met hom sal gebeur

nie. Hy word gewaarsku dat Claggart die mees gevreesde en gehate man aan boord is. Billy vra uit oor watter tipe mens die kaptein is. Hulle vertel dat Vere, of "Starry Vere" soos die matrose hom noem, 'n goeie man en 'n wonderlike leier is wat hul tot oorwinning oor die Franse sal aanvoer.

In sy kajuit het kaptein Vere sy eerste luitenant en sy seilmeester vir 'n drankie genooi. 'n Heildronk op die koning word ingestel. Daar word van Billy Budd gepraat, veral oor die ontstellende frase, "Rights of Man". Die tweede luitenant verskyn en sê dat hulle nou in die vyand se gebied is. Op die slaapbankdek sing die bemanning 'n matrooslied. Billy het bevriend geraak met 'n ou seeman, Dansker, vir wie hy tabak gaan haal. By sy sak betrap hy Squeak besig om sy besittings deur te snuffel. Hy begin woedend hakkell en val Squeak aan. Claggart verskyn. Wanneer hy besef dat sy spioen se poging misluk het, beveel hy dat Squeak in kettings geplaas word en sê aan Billy: "Handsomely done, my lad". As hy alleen is, gee Claggart uiting aan sy haat vir Billy en lê 'n eed af dat hy hom sal vernietig: "O beauty, o handsomeness, goodness!". Wanneer die Nuweling binnekom, dwing Claggart hom om Billy te verraaï en oorhandig goue muntstukke aan hom. Die Nuweling maak Billy in sy hangmat wakker en gee voor dat hy moeg van die swaar lewe is en sê dat hulle moet mui. Die lojale Billy reageer woedend hierop en die verskrikte Nuweling vlug. Dansker, wat ook wakker geword het, waarsku hom weer eens teen Claggart: "Billy, be warned, keep clear of him.", maar die onskuldige Billy wil nie glo dat dit waar is nie.

Die tweede bedryf speel 'n paar dae later af. Kaptein Vere staan op die kwartdek saam met 'n paar offisiere en tuur die grys mis in. Ná die aankondiging dat 'n Franse skip in sig is, word daar onder groot opgewondenheid voorbereidings getref vir die geveg. As gevolg van die mis word egter besluit om die aanval af te las. Claggart nader die kaptein nou en vertel hom dat Billy die Nuweling met geld probeer omkoop het om te mui. In maat bedryf II, toneel 1, maat 521 vra Vere: "...Your evidence `for this?..." As bewys kan Claggart die geld toon en die Nuweling se storie bevestig. Die kaptein sê dat hy Billy sal ontbied en dat Claggart hom dan kan konfronteer.

In die kaptein se kajuit gee Billy uiting aan sy onbaatsugtige toewyding en lojaliteit aan die kaptein, wat diep ontroerd daaroor is. Wanneer Claggart binnetree en Billy

hom moet verdedig, is hy oorstelp en begin onbeheerbaar hakkel. Met 'n vuishou gee hy uiting aan sy magteloosheid en dood die skeepsprovoos. Die geskokte kaptein ontbied sy offisiere, en Billy word buitentoe geneem. Vere besef dat hy verplig sal wees om Billy die doodstraf op te lê, soos gebruiklik was vir so 'n daad. 'n Mens kan die tweestryd in Vere se gemoed hoor deur sy woorde: " ... And I am afraid. Before what tribunal do I stand if I destroy goodness? The angel of God has struck and the angel must hang through me" (Bedryf II, toneel 2, mm. 541-556). Die noodlot van die karakters is presies die teenoorgestelde van wat hulle werklik is. Billy wat onskuldig is maak dood. Claggart wat 'n manipuleerder is kon homself nie uit sy dood manipuleer nie. Vere, 'n Vader-figuur, beskerm nie vir Billy op sy dag van veroordeling nie (Culler, 1983:235). Met groot leedwese spreek Vere die vonnis uit: "I accept their verdict, I accept their verdict. Death is the penalty for those who break the laws of earth, and I who am king of this fragment of earth, of this floating monarchy, have exacted death" (Bedryf II, toneel 2, mm. 505-523).

Dit is kort voor dagbreek en Billy is alleen in kettings. Hy sê by homself: "I accept their verdict". Dansker bring hom iets om te eet en te drink en sê dat daar 'n moontlikheid is dat sy vriende hom kan bevry, maar Billy versoek hom om hulle af te raai om so iets te doen: "But I had to strike down that Jemmy Legs, it's fate. And Captain Vere... has had to strike me down, fate". Hy neem afskeid van Dansker en sy lewe. Op die hoofdek, 'n bietjie later, word Billy binne gebring. Die eerste luitenant lees die Oorlogartikel wat op hom van toepassing is en herhaal die vonnis. Met 'n laaste "Starry Vere, God bless you!" word Billy uitgelei. Oproerige gemurmur word van die seemanne gehoor, maar dan gaan hulle stil uiteen terwyl die ligte stadig gedoof word. In die epiloog beëindig kaptein Vere sy verhaal. Sy skuldgevoel is nog steeds daar, want hy besef dat hy Billy kon gered het, ondanks die wet (Steyn, 1978:324).

2.4 Koppeling met die Franse Rewolusie

Die Franse Rewolusie was 'n stryd om vryheid vir alle mense (Conner, 1995:15). Daar was 'n begeerte na onpartydigheid en regverdigheid asook 'n beter lewe vir die onderdrukte. Menseregte het ook 'n baie belangrike rol gespeel in die tyd, deurdat die gewone mens byvoorbeeld nie kon stem nie (Crook, 1995:191). Verder was

daar 'n muitery op Billy se vorige skip met die naam '*Rights-of-Man*'. Dit het Claggart op die gedagte gesit dat Billy onrus op die boot wil veroorsaak.

Die Franse Rewolusie wat met soveel goeie bedoelings "aangevuur" is, het inderdaad weer 'n nuwe eliteklas geskep (Cohen, 1978:23). Dit wat belowe is, het in werklikheid nie regtig gerealiseer nie. Die Franse Rewolusie stuur dus nie 'n eenduidige boodskap uit nie. Net so is die karakters in *Billy Budd* ook nie eendimensioneel nie, want hulle optredes stuur ander boodskappe uit as wie en wat hulle werklik is.

In dié hoofstuk is die ontstaansgeskiedenis en verhaal van *Billy Budd* bespreek. Daar word ook na die politieke konteks van die verhaal, naamlik die Franse Rewolusie, verwys. Dit is interessant om te sien dat die gees van die tyd ook 'n rol speel in die verhaal van *Billy Budd*. In die volgende hoofstuk gaan daar ondersoek ingestel word na die wyse waarop Britten die karakters musikaal voorstel.

HOOFSTUK 3

MUSIKALE KARAKTERISERING IN *BILLY BUDD*

Musikale karakterisering speel 'n belangrike rol in Britten se operas. Hy komponeer met spesifieke karakters in gedagte (Brett, 1984:137). Waar die fokus in operas normaalweg op individuele arias of vokale musiek is, is dit in *Billy Budd* op die uitbeelding van komplekse karakters (Johnson, 2002:76). Die konflik tussen uiteenlopende karakters word in die musiek vergestalt deur middel van tematiese materiaal. Kontrasterende musikale idees word gebruik om die botsing tussen karakters uit te beeld. Konflik in *Billy Budd* word bewerkstellig deur uiteenlopende karakters en kragte wat uiteindelik die held vernietig (Brett, 1984:137). In die musiek self word die konflik geskep deur kontrasterende idees wat teenoor mekaar gestel word en so die spanning tussen karakters simboliseer.

In hierdie hoofstuk word die musikale idees wat met elke karakter geassosieer word, bespreek. Sommige van die musikale idees ontwikkel in die verloop van die opera, net soos die karakters verander en ontwikkel. Volgens Culler verteenwoordig elke karakter in die opera sekere morele waardes soos later in die hoofstuk bespreek sal word (1983:235).

3.1 Meerduidigheid musikaal voorgestel

Die verhaal van *Billy Budd* gaan nie net oor goed en kwaad nie. Oppervlakkig gesien kan die karakters as eendimensioneel beskou word: Claggart is boos, Billy is goed en Vere is wys. Uiteindelik draai die karakters anders uit. Billy is oulik, onskuldig en onskadelik, nogtans maak hy dood. Claggart is boos, dwarstrekkerig en vals, nogtans sterf hy as 'n slagoffer. Vere is skerpsinnig en verantwoordelik, nogtans laat hy 'n man hang wat hy voel onskadelik is (Culler, 1983:235). Dit gaan om die verskil tussen die aard van elke karakter en wat hulle doen. Dit wat hulle is, word nie weerspieël in hul doen en late nie (Culler, 1983:235). Die tweeledigheid in Billy se karakter kan omskryf word as iemand wie se donker menswees onderdruk

word en te voorskyn kom wanneer hy Claggart doodslaen. In hierdie tweeledigheid weier Claggart om net die goeie van Billy te aanvaar (Culler, 1983:237).

Hierdie meerduidigheid word reeds in maat 1 van die opera musikaal voorgestel deur die mineur-majeurtert (sien vb. 2b). Die mineur-majeur tertsidee kan tot 'n meerdere of mindere mate in die hoofkarakters nagespoor word, soos hieronder aangetoon.

3.2 Karakters deur musikale idees voorgestel

3.2.1 Billy Budd

In bedryf 1, toneel 1 word die onskuldige Billy as Nuweling op die handelskip bekend gestel. Wanneer Claggart hom vra waar sy huis is, begin hy hinkel voor hy kan sê dat hy 'n weeskind is. Die hinkel (bestaande uit vyf note), gespeel deur die houtblaasinstrumente, word in die voorbeeld hieronder met 'n vierkantige hinkel aangedui. Na hierdie hinkel volg 'n passasie wat 'n aantal hinkel insluit.

Voorbeeld 1: Bedryf I, toneel 1, mate 346-349

27 Slow (as in the Prologue) - *Lento*

FIRST LIEUTENANT *pp*

346 He stammers! He stammers! That's a pi-ty.

SAILING MASTER *pp*

He stammers! That's a pi-ty.

27

Trpt. o. sord.

Billy

at Lt. *pp*

348 Fine recruit o-ther-wise. Fine re-cruit o-ther.

S.M. *pp* *con fable*

Fine recruit o-ther-wise. There is al-ways.....

cresc.

pp Trb. (Vo. with S.M.)

Die hakkelfiguur kom die eerste keer reeds in die proloog na vore, waar Vere sing "There is always some flaw in it" (mm 32-33, sien vb. 5a in hoofstuk 4). Hierdie kort motief beeld Billy se tekortkoming uit. Die triller op C[#] word *con sordino* deur die trompet gespeel en skep 'n effek van onheil wat Billy angstiger maak. Die spanning word verder verhoog deur die dissonante vergrote drieklank, F[#] - A[#] - D in die eerste hakkelfiguur wat regdeur die opera deur die houtblasers gespeel word.

3.2.2 Kaptein Vere

Die opera begin waar Kaptein Vere terugdink aan sy verlede, sy dae op die *Indomitable*, 'n ervare gesagsfiguur wat al met baie te doen gehad het. Een van die dinge wat 'n definitiewe invloed op hom gehad het, was die verhaal rondom Billy Budd. Daar kan agtergekom word dat hy homself nie kan vergewe vir die dood van

Billy nie. Die gebeure wat met Billy verband hou kan in die musiek van Vere gesien word. Vere se woorde is:

I am an old man who has experienced much. I have been a man of action and have fought for my King and country at sea. I have also read books and studied and pondered and tried to fathom eternal, eternal truth. Much good has been shown me and much evil, and the good has never been perfect. There is always some flaw in it, some defect, some imperfection in the divine image, some fault in the angelic song, some stammer in the divine speech.

Hy sing met ander woorde van homself en sy ervarings as mens. Dit versterk die feit dat Vere se karakter met die meerduidige musikale idee geassosieer kan word.

By Kaptein Vere word meerduidigheid voorgestel deur die kombinasie van die majeur- en die mineurtert (sien pyltjies in vb. 2a). Volgens Evans word hierdie idee die oeridee genoem. Erwin Stein beweer dat Britten dit onbewustelik gebruik het (Evans, 1979:166). Omdat die naam van die opera *Billy Budd* is, sou mens dink dat Billy Budd se motief eerste in die opera sou verskyn wat egter nie die geval is nie. Die idee van meerduidigheid is dus sentraal in die opera. Hierdie musikale idee verskyn as 'n harmoniese struktuur in die proloog net voordat die eerste sin in die opera gesing word ($B^{\sharp} - D$ en $B^{\flat} - D$, in vb. 2a).

Soos in 3.2.3 vermeld, word die dalende Claggart kwarte wat met sy bose karakter geassosieer kan word, (bestaande uit twee dalende volmaakte kwartspronge) (sien vb. 3a), in hierdie motief gevind en die aandag word hier op die goeie en die kwade gevestig (gemerk met 'n vierkantige hakie).

Voorbeeld 2a: Bedryf I, Proloog, mate 12-15

VERE *p simply*
I am an

W.W. Harp

Brass *ppp* *pp* *ppp*

12

In die eerste maat van die opera verskyn die oeridee wat bestaan uit 'n mineurterts wat met 'n majeureterts gekombineer word (deur strykers gespeel). Die tremolo tertsfiguur is kenmerkend van Vere. Benewens meerduidigheid, kan hierdie musikale idee waarin die B^b teen die Bⁿ klink, die stryd of worsteling waarin Vere met homself verkeer, uitbeeld.

Voorbeeld 2b: Bedryf I, Proloog, mate 1-11

Prologue **BENJAMIN BRITTEN**
Op.50

Slowly moving *♩ = 60*
Andante *♩ = 60*

PIANO

str. pp legato

W.W. Harp

CURTAIN.

ppp *Trpt.* *Tro.* *str.* *pp*

4

Captain Vere is revealed as an old man.

più espressivo

8

Waar die meerduidige oeridee oorspronklik as tremolopatrone gespeel is deur die strykers (mm. 1-4), verskyn dit in vertikale gedaante in maat 5-6, gespeel deur die houtblasers, harp en die koperblasers (sien vb. 2b, mm. 5-6). Die herhaalde, gepunteerde A^b, wat in maat 12 Claggart se motief inlui, versterk die dissonante effek.

Die vertikale oeridee van maat 5-6 word weer in maat 12-14 herhaal, maar nou verleng as dit teen Claggart se motief klink (sien vb. 2a). Direk hierna klink Vere se "I am an old man... who has experienced much". Dit versterk die standpunt dat die meerduidige oeridee met Vere se komplekse karakter geassosieer kan word.

'n Tema wat nog 'n sterk konneksie met Vere het, is die "Starry Vere"-motief (sien vb. 2c, gemerk met vierkantige hakie). In bedryf 1 bespreek die matrose Vere in sy afwesigheid (toneel 1, mm. 792-806). Hulle noem hom "Starry Vere". Donald en Dansker vertel vir Billy dat Vere 'n groot held is. Hierdie motief verteenwoordig die liefdadige tirannie wat die matrose op die skip in Vere sien (Evans, 1979:167).

Voorbeeld 2c: Bedryf I, toneel 1, mate 792-799

792

Billy: Whats the rest like Whats the Captain like?

796

Donald: Star-ry Vere we call him.

796

Chorus: Star-ry Vere!

796

Chorus: Star-ry Vere!

Hierdie motief is gebaseer op die pentatoniese toonleer wat die "starry" idee beklemtoon. Die woord "starry" verwys na die idealistiese eienskap van Vere se persoonlikheid. Dit kan ook verwys na die feit dat Vere in sy eie denkwêreld leef, verwyderd van die aard van die musiek wat die ander hoofkarakters voorstel.

Daar is egter 'n ritmiese variasie van die openingsnote (heeltoon plus mineurterts) wat die "Starry Vere"-motief versterk (gemerk met vierkantige hakies in vb 2c, m. 796: G - A - C - D - E). Voorimitasie kom egter in die baslyn voor vanaf maat 794. Wanneer Billy die matrose uitvra oor die tipe mens wat die kaptein is, word die motief die eerste maal gehoor (gemerk met 'n vierkantige hakie). Van maat 794 tot maat 824 word die geritmiseerde vorm 'n paar keer herhaal en gevarieer.

Later in die opera word die stygende kontoer van die "Starry Vere"-idee omgekeer om 'n dalende lyn te vorm, om die verloop van die drama musikaal voor te stel (sien vb. 7).

3.2.3 Claggart

Volgens Phillip Brett (1984:141) word Claggart, die bose karakter in die opera, sterk gekarakteriseer deur 'n motief bestaande uit twee dalende volmaakte kwartspronge (sien vb. 3a). Dit sal vervolgens "Claggart kwarte" genoem word. Dit word die eerste maal teenoor die dubbelsinnige $B^b - D$ en $B^h - D$ tremolos van die openingsmate in maat 14 ($B - F^\sharp - C^\sharp$) gehoor. Die eerste dalende kwart, $B - F^\sharp$, word in Vere se motief omgekeer om 'n stygende kwint te vorm en verwys na verwarring (sien vb. 6a). Hierdie stygende kwint staan bekend as die "Confusion"-kwint. Die tweede kwart, $F^\sharp - C^\sharp$, word omgekeer om 'n stygende kwint te vorm en verwys na die muitery-tema. Hierdie kwint staan bekend as die muitery-kwint (sien vb. 4).

Claggart, wat die bose voorstel, se toonsoort is f mineur. In bedryf I word die f-mineur akkoord gehoor teenoor Claggart se woorde aan die "Novice": "I, John Claggart, Master at Arms upon the Indomitable have you in my power, and I will destroy you, I will destroy you ... "(toneel 3, mm. 349-354).

Wanneer Claggart vir die eerste keer op die verhoog verskyn met "Your honour, I am at your disposal", kom 'n dalende kwart ($G^\sharp - D^\sharp$) voor (m. 279). Sy hulp word ingeroep om die drie rekrute te ondervra. In die volgende maat (m. 280) word sy woorde met twee dalende kwarte vergesél ($G - D - A$).

Voorbeeld 3a: Bedryf I, toneel 1, mate 276-284

Claggart kwarte

slower
più lento

st. 1
- quire your as-sis - tance.

CLAGGART *p dolce e liberamente*
Your ho - nour, I am

276
Tuba
p
Timp.
8
pp

20 Slow and fierce $\text{♩} = 69$
Lento feroce $\text{♩} = 69$
Red Whiskers is pushed forward.

Clagg
at your dis - po - sal..... First man for-ward!

280
Str.
sp
Vol.

RED WHISKERS *lively*
I... ob-ject! I... ob-ject! You've no right to press me!

Clagg
Your name?

283
sp
()

Die Claggart kwarte word hoofsaaklik deur die tromboon gespeel, wat volgens Evans (1979:167), Claggart verteenwoordig (sien vb. 3b). Volgens Evans verwys die tema "Handsomely done, my lad. And handsome is as handsome did it, too", na Claggart (1979:167). Die tema kom voor wanneer Claggart trooswoorde aan Billy sing. Dit is sy manier om Billy se vertroue te wen.

Voorbeeld 3b: Bedryf I, toneel 3, mate 194-200

Handsomely done

Daar kan gesê word dat 'n verband bestaan tussen Claggart, Vere se woorde en die muiery. Die kwartsprong B - F[#] in voorbeeld 3b word gemerk in die Claggart kwartsprong (sien vb. 2a) en die omkering van die ander kwartsprong, F[#] - C[#] in die openingsmate word hier gekoppel met "handsomely" (gemerk met 'n bogie).

Soos by punt 4.2.2 in die volgende hoofstuk bespreek word, word die dalende kwart na sy bekendstelling in voorbeeld 2a nou in mate 19-28 omgekeer om 'n stygende kwint te word (sien werkerstema, vb. 4) F[#] - C[#].

3.2.4 Die werkerstema

'n Tema wat 'n sterk konneksie het met Claggart se karakter, die een wat opstand verteenwoordig, is die werkerslied, 'O heave away, heave' (sien vb. 4). Volgens Brett (1984:140) word hierdie tema elke keer gehoor wanneer muiery ter sprake is. Evans toon aan dat hierdie musikale idee geassosieer word met Claggart wat verwarring voorstel omdat hy Vere se dilemma veroorsaak het en die stygende kwintsprong die omkering is van die identiese Claggart-kwart in maat 14 (sien vb. 2a) (1979:165).

Voorbeeld 4: Bedryf I, toneel 1, mate 19-29

Muiery-tema / Werkerstema

19 The men sing as they work.

CHORUS I

TENORS *pp dragging*

1st PARTY O heave! O heave a-way, heave! O heave! O heave a-way,

BASSES *pp dragging*

19

Str.

Timp.

23

CHORUS I

T. heave! O heave, O heave, O heave a-way, heave! heave,

B.

23

27

6 A second party of men including Donald, arrives dragging holystones.

CHORUS I

T. heave! heave!

B.

27

W.W.

Trpt.

Die werkerstema simboliseer nie 'n karakter nie maar dit speel 'n belangrike rol in die ondergang van Billy as persoon. Die essensie van die werkerstema is dus dat dit muitery voorstel. Die essensie van die werkerstema is 'n stygende kwintsprong (gemerk met 'n vierkantige hakie in vb. 4): die muitery kwint. 'n Mens kan spekuleer dat die kwintsprong 'n bose ondertoon het wat aan die begin van die opera reeds verwarring veroorsaak en Billy se ondergang suggereer.

In hierdie hoofstuk is gepoog om die karaktereienskappe van die hoofkarakters aan te dui, soos dit in die musiek na vore kom. Die eerste karakter, Billy, is 'n eerlike en onskuldige matroos waarom die intrige draai. Sy een tekortkoming, haggel, is dan ook die motief wat hom simboliseer (sien haggelfiguur). Kaptein Vere word geassosieer met meerduidigheid of tweeledigheid. Die kompleksiteit van sy karakter word onder andere voorgestel deur die kombinasie van 'n mineur- en 'n majeurtert. Claggart se bose karakter en onstabiele gemoedstoestande word in die musiek uitgebeeld deur die dalende kwarte en stygende kwinte wat met verwarring en miltary geassosieer word (sien vb. 3a, 3b en 4). Die Claggart-kwarte en die stygende kwinte het 'n direkte verband want dit het identiese nootname. Sy skynheiligheid is geheel en al in kontras met Billy en Vere se positiewe karaktereienskappe.

In die volgende hoofstuk gaan die musikale uitbeelding van die verwikkelintrige in die opera bespreek word. Die werkerslied sal nie apart in die ontwikkelingsintrige bespreek word nie omdat elemente daarvan in Claggart se musiek geïntegreer is.

HOOFSTUK 4

VERWIKKELINGSINTRIGE MUSIKAAL VOORGESTEL

In dié hoofstuk word gepoog om aan te dui hoe die verwikkelingsintrige van die opera musikaal uitgebeeld is. Konflik, om net een van die spanningsmomente te noem wat 'n belangrike rol in die opera speel, word in die musiek uitgebeeld en in dié hoofstuk bespreek. Daar word aangetoon hoe die motiewe wat in hoofstuk 3 bespreek is, ontwikkel en geïntegreer word met ander motiewe om die drama voor te stel.

4.1. Die karakterisering van Billy in die loop van die opera

Billy, die eerlike en opregte matroos wat aan die begin van die opera aan boord van die *Indomitable* gekom het, se lewe het drasties verander. Deur leuens en skynheiligheid, is hy aan die slegte van die lewe blootgestel. Hierdie verandering in Billy se lewe of noodlot word in die musiek uitgebeeld.

Namate die intrige ontwikkel, word ander motiewe as die hakkelfiguur in Billy se party gevind. Wanneer Billy sy ou lewe vaarwel toeroep, kom die werkerslied (vb. 4) in Billy se party voor. Sy woorde "Farewell to you ... forever! ... Farewell, Rights o' Man" is die woorde wat hom in die moeilikheid laat beland het. Die 'Rights-of-Man' was die naam van die handelskip van waar Billy in diens gestel is (Cooke, 1993:18). Sy woorde was dus heeltemal verkeerd opgeneem. Dis presies dié woorde wat Claggart en die ander bemanning agterdogtig gemaak het omdat menseregte ('Rights-of-Man') so 'n belangrike rol gespeel het tydens die Franse Rewolusie.

Die hakkelfiguur kom vir die eerste keer na vore in die proloog, vanaf maat 32² tot en met maat 39¹ (sien gemerkte deel in vb. 5a). Soos in hoofstuk 3 aangedui is, kom Billy se hakkelfiguur na vore wanneer daar van Billy gesing word, maar die woorde van Vere is hier baie belangrik "There is always some flaw in it, some defect, some imperfection in the divine image, some fault in the angelic song, some stammer in the divine speech." Hier sing hy oor sy bevindings ten opsigte van Waarheid. Hy maak sy gevolgtrekking dat daar altyd 'n fout of defek in iets goed is.

In maat 36 begin hy dink aan Billy, daarom die hakkelfiguur ("some stammer in the divine speech"). Billy se hinkel is 'n tekortkoming en 'n defek, volgens Vere ("some flaw in it"). Hy kan verwys na die fisieke defek wat Billy kan hê. Die hakkelfiguur is dus in die opera simbolies van die onvolmaakte.

Voorbeeld 5a: Bedryf I, proloog, mate 31-39


Hakkelfiguur

The musical score is divided into three systems, each with a vocal line (Vere) and a piano accompaniment. The key signature is one sharp (F#), and the time signature is 2/4. The score includes various musical notations such as slurs, ties, and dynamic markings.

System 1 (Measures 31-32): The vocal line begins with the lyrics "e - vil, and the good has ne-ver been per-fect. There is". The piano accompaniment features a tritone (Trpt. c. sord.) and a wailing wail (w.w.) in measure 31. The score is marked with "cresc" and "animando".

System 2 (Measures 33-34): The vocal line continues with "al-ways some flaw in it, some de-fect, some im-per-". The piano accompaniment includes a "cresc poco a poco" marking. The score is marked with "animando".

System 3 (Measures 35-36): The vocal line concludes with "- sec-tion in the di-vine im-age, some fault in the an-". The piano accompaniment includes a "cresc" marking. The score is marked with "animando".



Dit wil voorkom asof Billy elke keer hinkel wanneer hy onder druk geplaas word of aan iemand 'n antwoord verskuldig is. Dit verklaar ook die tragiese klimaks van die drama. Waar Claggart vir Billy in die eerste toneel van die opera uitvra, begin hy hinkel (mm. 346-351¹, vb. 1). In bedryf I, toneel 1, (mm. 511-530) gee Claggart aan Squeak ('n skeepskorporaal) 'n opdrag wat die begin is van al die moeilikheid in die opera: "Go and play all your little tricks on this Budd, tangle up his hammock, mess his kit, spill his grog, splash his soup, sneak about him. And if you see anything of his you fancy, I'll make no trouble".

In bedryf I betrap Billy vir Squeak waar hy in sy sak krap (toneel 3, mm. 134-145). Billy hinkel wanneer hy vir Squeak konfronteer. Wanneer Squeak en Billy baklei, lewer die koor kommentaar en is die orkestrasie voller. Verhoging van ritmiese aktiwiteit dra by tot die skep van spanning (vanaf m. 152). Later probeer die Nuweling vir Billy omkoop om hulle leier te wees in 'n opstand op die skip (mm. 481-525). Billy is oorstelp oor wat die Nuweling hom vra, en begin hinkel, weer eens uitgebeeld deur die hinkelfiguur (mm. 523-525).

In die tweede bedryf kom die hinkelfiguur nou heeltemal gevarieer voor wanneer Claggart vir Vere vertel van Billy wat die Nuweling met geld probeer omkoop het om

te muit. Claggart se woorde “But he held firm and came at once and handed them to me” is ‘n leuen want dit is die Nuweling wat vir Billy met geld wou omkoop en nie andersom nie (toneel 1, mm. 535-541, sien vb. 5b). Met sy woorde bedoel hy dat die Nuweling die geld gehou het en dit vir hom gebring het.

In bedryf I was die triller ‘n tipe agtergrond vir die hakkelfiguur maar nou word dit direk gekoppel aan die stygende majeure arpeggio op D in een melodiese lyn. Die trillers wat onheil voorspel het, is dus nou nie meer agtergrond nie. Die hakkelfiguur is ook ritmies gevarieer en ‘n dalende kwintsprong is ingevoeg.

Die hakkelfiguur kan hier dus op drie maniere gesien word:

- Die hakkelfiguur $F^\sharp - A - D$ afgelei van die hakkelfiguur
- D majeur arpeggio
- Die kwint (A - D) wat opgebreek is

Op grond van die konteks in voorbeeld 5b beweeg Billy op hoër morele grond omdat dit juis hy was wat die geld vir Claggart gebring het en nie vir homself gehou het nie (“But he held firm and came at once and handed them to me”). Dit is in die musiek vergestalt deur Billy se figuur wat vergroot is om ‘n majeur drieklank te vorm (D - $F^\sharp$ - A) en Claggart se kwint wat opgebreek word (A - D). Die D word afgesplit van die kwint om die tonika te vorm van die majeur drieklank.

Voorbeeld 5b: Bedryf II, Toneel 1, mate 535-541

42

Claggart. boy. But he held firm

Plo.

229

Claggart. and came at once and hand - ed them to

dim.

In die tweede toneel van bedryf II kom die hakkelfiguur weer na vore, maar hierdie keer word die figuur vanaf maat 150 voorberei deur die kenmerkende C[#]-triller wat die dreigende tragedie antisipeer (toneel 2, mm. 157-163). Wanneer Claggart vir Billy voor die kaptein van muitery beskuldig, is Billy onverhoeds betrap, en kan homself nie verdedig nie. Weens sy onvermoë om homself uit te druk, begin hy hinkel en gee uit frustrasie vir Claggart 'n vuishou wat sy dood veroorsaak.

In dieselfde toneel, maat 324 is die aantal herhalings van die hakkelfiguur nou minder. Hier vertel kaptein Vere vir die ander wat gebeur het toe Billy vir Claggart doodgemaak het (vanaf m. 234). Die verskraalde hakkelfiguur kom tevoorskyn presies waar Vere sê dat Billy gehakkel het omdat 'n verduideliking van hom vereis is. Die feit dat die hakkelfiguur nou in die toonsoort van f mineur voorkom, hou verband met Claggart se manipulasie van Vere en Billy omdat die toonsoort met Claggart verbind word. Die toonsoort bevestig dus Billy se ondergang.

4.2 Die karakterisering van Vere in die loop van die opera

Kaptein Vere is 'n ervare gesagsfiguur wat aan die begin van die opera terugdink aan sy dae op die *Indomitable*. Die gebeure wat met Billy verband hou kan in die musiek van Vere gesien word.

4.2.1 Meerduidigheid in Vere se musiek

Soos in hoofstuk 3 aangedui is, word reeds in die openingsmate van die opera die meerduidigheid wat kenmerkend van hierdie opera is, voorgestel. Dit suggereer die misterie van die opera, asook die stryd of worsteling in kaptein Vere se gemoed. 'n Dissonante, onheilspellende effek word deur die meerduidige tertse geskep (sien 3.2.2 en vb. 2a en b). Die motiewe wat Vere simboliseer verander in die loop van die opera. Die meerduidige tremolofigure van die openingsmate word meer chromaties namate die intrige meer kompleks word. Vanaf mate 18-21 word die tremolopatroon met die herhaalde note van Claggart se motief gekombineer om die verbondenheid van die twee karakters se noodlot te simboliseer.

Die meerduidige tremolofigure kom in 'n gevarieerde vorm na vore met meer chromatiek in maat 24-28. Vere vertel hoe hy al gelees, nagedink en geprobeer het om die ewige waarheid te bepaal. Die musikale materiaal wat hierdie woorde van Vere vergesél, is komplekser as die vorige motiewe. Om die ewige waarheid te bepaal, soos Vere sing, is dus 'n komplekse saak. Sy woorde in maat 49, "so much is confusion", bevat die melodiese motief, D - B - B^b wat die meerduidige idee beklemtoon.

Voorbeeld 6a: Bedryf I, Proloog, mate 45-50

The musical score for Vere's aria in Act I, Prologue, measures 45-50, is presented in two systems. The first system covers measures 45-48, and the second system covers measures 49-50. The vocal line is written for Vere, and the piano accompaniment is written for the piano. The score includes various musical notations such as notes, rests, and dynamic markings. The lyrics are written below the vocal line.

System 1 (Measures 45-48):

Vere: o what, what..... have.... I done? Con - fu -

Piano: 45 *dim.* *p* *pp*

System 2 (Measures 49-50):

Vere: - sion, so much is con - fu - sion! I have tried to

Piano: 48 *pp* *p intensely* *str.* *pp* *str.*

Die horisontale meerduidige oeridee kom weer in maat 50-57 na vore. Vere vertel hoe hy probeer het om ander op die regte pad te lei ("to guide others rightly"), maar hy sê "I have been lost on the infinite sea". Die woorde van Vere versterk die konflik in hom. Die melisma op "infinite" wat gebaseer is op Vere se majeur-mineurterts sluit af met 'n vergroting van die hakkelfiguur (B - D - G) in maat 54. Dit suggereer dus dat Vere se probleem met Billy verband hou.

Voorbeeld 6b: Bedryf I, Proloog, mate 48-57

Verc
- sion, so much is con-fu - sion! I have tried to
48 *ppp*
p intensely
pp
Str.

Verc
guide oth-ers rightly, but I.... have been lost on the in -
51 *ppp*
cresc.
pp
Str.

Verc
fin - ite sea, the in - fin - ite sea.....
54 *ppp*
dim.
pp
Str.

Verc
Who has blessed me?..... Who saved me?
57 *ppp*
pp
W.W. Harp
Brass

Die lang aangehoue B op verskeie plekke in die eerste bedryf, toneel 1, sou kon aandui dat die meerduidige tertse, G majeur met 'n bygevoegde mineurterts sou kon voorstel (mm. 281-299; 310-316 timpani en tuba; mm. 325-333 timpani en tromboon; mm. 338-344 tjello, klarinet en tromboon; mm. 352-355 tromboon en tjello; 363-366¹ tromboon en tuba, mm. 380-388 tromboon en tuba). Dit sou ook b mineur kon wees as verwys word na die F[#] - B spronge in Claggart se party. 'n

Mens sou die afleiding kon maak dat die onduidelikheid van 'n toonsoort, die meerduidige effek bevestig wat die komponis dalk wou skep.

Voorbeeld 6c: Bedryf 1, Toneel 1, mate 280-307

20 Slow and fierce $\text{♩} = 60$
Lento feroce $\text{♩} = 60$ Red Whiskers is pushed forward.

at your dis-po-sal..... First man for-ward!

280

RED WHISKERS *lively*
 I... ob-ject! I... ob-ject! You've no right to press me!

Clag. Your name?

283

R.W. *lively*
 I'm a de-cent tradesman, I've a wife and fa-mi-ly...

Clag. Your name?

285

Clag. threatens Red Whiskers with his rattan.
 Your name?.....

287

RED WHISKERS *lively*
 No! no! Joseph Higgins. I pro-test! I ob-ject!

Clag. Your age?

289

RED WHISKERS *lively*

I... ob-ject! I... ob-ject! You've no right to press me!

Clag. Your name?

291

R.Wh. *lively*

I'm a de-cent tradesman, I've a wife and fa-mi-ly...

Clag. Your name?

293

Claggart threatens Red Whiskers with his rattan.

Clag. Your name?

295

RED WHISKERS *lively*

No! no! Joseph Higgins. I pro-test! I ob-ject!

Clag. Your age?

297

sp.

f *lively*

R. Wh. I won't give it! I won't give it! I re-fuse!

Clag. Your age?

299

[21] Claggart threatens him again.

R. Wh.

Clag. Your age?

301

f

f *lively*

R. Wh. For-ty-eight. It's... not fair. I'm... too old. It's a - gainst the law.

303

pp

R. Wh. I'm a but-cher.


CLAGGART

Your trade? Your home?

304

f

fp



Die eerste toneel van bedryf II speel af op die hoof- en kwartdek. In hierdie toneel gaan die *Indomitable* in geveg met 'n Franse skip. Hier is die majeuretert (B^b - D) prominent en verloor Vere se idee sy meerduidige karakter. Dit beteken dat Vere meer gefokus is in sy denke. Die toneel begin met 'n inleiding waarin die majeuretert (B^b - D uit Vere se musikale idee) vertikaal aangewend is om die ondertert van die B^b majeur drieklank voor te stel. Die F is aanvanklik afwesig en wanneer dit wel te voorskyn kom, is dit nie prominent of deel van die dominant akkoord nie. Wat verder interessant is, is dat die majeuretert in sowel harmoniese (houtblasers) as 'n melodiese gedaante (trompette) voorkom (mm. 1-2). In maat 18 kom die vertikale konstruksie weer na vore, ook in 'n gevarieerde vorm wat meer kompleks is. Alhoewel die inleiding van hierdie toneel sterk verband hou met een aspek van Vere se meerduidige musikale idee, word die tekstuur digter en meer kompleks. Die majeur- en mineur-terts word nie meer direk teenoor mekaar gestel nie, wat kan suggereer dat die dubbelsinnigheid wat met Vere geassosieer word, al hoe meer eenduidig word.

Vere se woorde: "Mutiny? I'm not to be scared by words. Your evidence for this?" (toneel 1, mm. 519-521) volg direk nadat Claggart vertel het van die muitery op die skip. In die mate wat volg, vind daar 'n integrasie van transformerende motiewe plaas (mm. 523-538).

Voorbeeld 6d: Bedryf II, toneel 1, mate 519-538

The musical score is divided into two systems. The first system includes a vocal line for 'VERRE' and a 'Clag.' (Cello) line. The vocal line has the lyrics 'Mu - ti - ny? Mu - ti - ny? I'm not to be soared by words.....' with a 'con forza' marking. The 'Clag.' line has a '519' marking. The second system includes a vocal line for 'Vero' and a 'Clag.' line. The vocal line has the lyrics '.....Your ev - i - dence for this?.....' and 'Per-haps your hon-our would in-spect these' with a 'p freely' marking. The 'Clag.' line has a '521' marking. The score is written in G major (one sharp) and 4/4 time.

VERRE
Mu - ti - ny? Mu - ti - ny? I'm not to be soared by words.....
con forza

Clag.
519

Vero
.....Your ev - i - dence for this?.....
p freely
Per-haps your hon-our would in-spect these

Clag.
521

41 quiet, but with more movement $\text{♩} = 69$
tranquillo, ma con più moto $\text{♩} = 69$ *pp staccato*

Clag. guin-eas? He crept and of-fered them at dead of

C.A.
B.Cit.

523 *ppp*

Clag. *cantabile*
 night to a young nov-ice. You will un-der-stand how their bright

527

Clag. won-der and pret-ty twin-king would tempt..... a sim-ple

531

42

Clag. boy. But he..... held firm.....

Pico. *p cresc.*

535

Kort hierna verander die toonsoort van g mineur na B majeur (m. 552). Dit veroorsaak dat daar 'n skerp kontras geskep word met g mineur, die toonsoort waarin Claggart vir Billy beskuldig. Vere reageer op die aanklag wat Claggart teen Billy maak en sê dat hy dit nie kan glo nie. Dis asof Vere die moontlikheid wil ontken, en daarom die majeur drieklank op B (B - D[#] - F[#]) in maat 552.

Aan die begin van die tweede toneel kom die dalende majeurtertse prominent na vore en verloor Vere se musiek die meerduidige karakter. Vere se woorde: "Claggart, John Claggart, beware! I'm not so easily deceived. The boy whom you

would destroy, he is good; you are evil.” (mm. 1-13). Die feit dat die majeureerts teen Claggart se naam klink, kan dalk beteken dat die onsekerheid in Vere se gemoed nou uitgeskakel is.

Majeurtertse speel verder 'n belangrike rol in Billy se verhoor, beginnende by F[#] - D teen Vere se uitroep “Claggart” toe hy vir Billy beveel om voor Claggart op aandag te staan (m. 100). Van hier af word verskillende herhaalde majeuretertse deur die houtblasers gespeel (tot m. 114).

In die vierde toneel van die tweede bedryf na die dood van Claggart, kom daar 'n tremolo op E majeur drieklank bo-oor pedaalnoot C (mm. 34-35) voor. Die “Starry Vere”-motief word gevolg deur 'n dalende kwart (Claggart se interval) teen “Starry Vere, God bless you!” Hier is dus ook 'n teken van meerduidigheid. Al is Claggart dood, bly die gevolge van sy boosaardigheid voortbestaan.

4.2.2 “Starry Vere”-motief

Die “Starry Vere”-motief kom in twee gedaantes voor wat verskillende betekenisse kan hê. Die stygende kontoer in die “Starry Vere”-motief, bestaan uit heeltone en 'n mineurterts waar die dalende kontoer uit twee halftone bestaan plus 'n mineurterts. Hierdie motiewe word gekoppel met die dramatiese verloop van die opera. Die stygende motief kom voor wanneer daar verwys word na positiewe eienskappe van Vere, terwyl die dalende motief 'n konnotasie het met Claggart.

Die “Starry Vere”-motief kom vir die eerste keer in mate 796-805 van bedryf I, toneel 1 voor. In die basregister van maat 794 word die “Starry Vere”-motief vergroot in kwartnote (D - E - G - A - B). Sien voorbeeld 2c. Die motief word tot en met maat 805 in die bas herhaal. Elke keer as die motief in die bas voorkom, word die brawe eienskappe van Vere besing. In maat 820-824 duur die motief voort in die bas (D - E - G - A - B), teenoor die woorde van Donald: “Ay, he'll destroy them. He knows all their tricks. He's brave, and he's good”.

In maat 824 kom die “Starry Vere”-motief (G - A - C - D - E) teen die woorde “he's good”, “He cares for us”, “He wishes us well, ... ” Al Vere se goeie eienskappe word deur die koor besing. Enkele voorbeelde sal genoem word. In maat 826³ verskyn

‘n onvolledige motief (A - B - D - E) teenoor die woorde “He wishes us well, ...”. Vanaf maat 837 word die oorspronklike motief “Starry, starry Vere” van die vorige maat (G - A - C - D - E) gevarieer wanneer Billy sing “Star of the morning, star of the morning”. Net voordat die gordyne aan die einde van toneel 1 sak, word die motief deur die tjellos en kontrabasse gespeel.

In die eerste bedryf word die “Starry Vere”-motief op ‘n subtiele wyse vertroebel deurdat dit met die verwikkelingsintrige gekoppel word. Billy en Donald (‘n matroos op die skip) praat oor die oorlog en Billy spreek sy vertroue uit teenoor Vere om hulle te beskerm teen die vyand. Daar is tog tye van twyfel in die vrae wat Billy vra. Deurdat ‘n mens die uiteinde van die opera weet, besef mens dat Billy nie rede het om Vere soveel te vertrou nie. Vere kon hom nie eers red van ‘n doodsvonnis nie. Die “Starry Vere”-motief word al hoe onduideliker met die verloop van die bedryf.

Wanneer ‘n chromatiese verandering voorkom wat nie die algemene struktuur van Vere se motief verander nie, kan mens dit assosieer met skeptisisme of twyfel. Deur chromatiese permutasies word die “Starry Vere”-motief vertroebel, soos vervolgens aangetoon sal word. In maat 796 bestaan die motief net uit heeltone en ‘n mineurtert (G - A - C - D - E), maar in die volgende maat verander die laaste heeltone na ‘n halftone en die laaste twee note word geaksentueer (E - F[#] - A - B - C). Kan daar twyfel bestaan oor hierdie beskrywing van die kaptein as Billy vra: “Starry Vere you call him?” Die halftone verskuif in maat 800³ (C - D - F[#] - G - A) maar keer weer na die oorspronklike posisie terug in maat 802³. Dieselfde note kom teenoor Dansker se woorde “best of them all” voor wat kan suggereer dat daar twyfel bestaan oor hierdie uitspraak. In maat 819 praat die matrose oor dit wat die Franse alles al gedoen het en wat hulle nie nog kan doen nie maar Billy glo “... starry Vere’ll stop them?” (E - F[#] - A - B - C). Weereens word daar twyfel bespeur in die vraag.

In bedryf II, toneel 3, is daar ‘n verandering van die diatoniese na die chromatiese vorm van die “Starry Vere”-motief. Die oorspronklike motief D - E - G - A - B, kom in maat 122-124 na vore in Billy se woorde: “Starry Vere, God bless him – and the clouds darker than night for us both”. Die motief word in maat 124 (G - A - C - D - E^b) chromaties gekleur teen die woorde “clouds darker than night”.

Waar die stygende kontoer van die “Starry-Vere”-motief na positiewe eienskappe verwys, verwys die dalende kontoer van die omkering van die motief na negatiewiteit in bedryf I, toneel 1 (sien voorbeeld 7, gemerk met vierkantige hakies). Die motief kom voor net na Claggart se woorde “Let him crawl” (sien bespreking van Claggart by 4.3). Hy verwys na die seuntjie wat nie kan loop nie. Daar is nou twee halftone ($D^b - C$ en $A^b - G$) en die tema word opgebreek wanneer ‘n frasewisseling voor die laaste noot voorkom (gemerk met vierkantige hakies). Die tjellos en basklarinet speel steeds die stygende Vere-motief. Die verandering van ‘n stygende na ‘n dalende kontoer in die “Starry Vere”-motief beeld die ommekeer in Vere se gemoed uit. Dit kan ook die onheil wat nog moet kom, voorspel.

Voorbeeld 7: Bedryf I, toneel 1, mate 585-589

42 (the same movement)
(l'istesso tempo)

Nov. F. walk. CLAGGART *p simply* Exit CLAGGART. Let him crawl. *espress.*

581 *pp* *molto* *pp* *pp* *pp legato* B. Clt. Vo.

The Novice enters, half-supported by a small group of sailors. The Novice's friend goes forward to help him.

586

Uit die bogaande inligting is dit duidelik dat al die motiewe wat Vere simboliseer, in die loop van die opera verander om te illustreer dat Vere ook verander. Die meerduidige tremolofigure en die “Starry Vere”-motief word meer chromaties namate die opera ontwikkel en die idee van “confusion” (stygende kwintsprong) word in Vere se stempartye verweef.

4.2.3 Meerduidigheid opgelos?

Die epiloog begin met die meerduidige openingsmusiek van die opera (sien vb. 2b). Vere verskyn weer as 'n ou man, net soos in die proloog. Sy vertikale en horisontale meerduidige tertse klink teen sy "We committed his body to the deep. The seafowl enshadowed him with their wings, their harsh cries were his requiem" (mm. 3-10). Die kompleksiteit van Vere se karakter is dus nie opgelos nie, ook nie die konflik in homself nie. Claggart se motief met die dalende kwartspronge word steeds in die begeleiding gehoor ("Claggart-kwarte" mm. 11-12, sien vb. 8a).

Voorbeeld 8a: Bedryf II, Epiloog, mate 1-13

The light grows on Vere, as an old man, as in the Prologue.

Epilogue

[140] Slowly moving, as at the beginning of the Opera
Andante, come prima

VERE *poco f*

W.W. We com -

mit - ted his bo - dy to the deep. The

sea - fowl en - shadowed him with their wings, their.....

Veré harsh cries.... were his re - qui - em.

Veré But the ship passed on un - der

p sost. **[141]**

Trpt.

Trb. *ppp sempre*

In maat 19⁴ van die epiloog sê Vere "for I could have saved him, I could have saved him", gevolg deur "He knew it". Die meerduidige tertse, B^b - D en B^b - D, pizzicato gespeel deur die strykers, word weer teenoor die woorde gehoor. Dit bevestig die feit dat Vere gemengde gevoelens het oor sy uitspraak. Vere se laaste woorde

vanaf maat 52 is "I am an old man now, and my mind can go back in peace ... to that far a way summer of seventeen hundred and ninety seven, ... long ago now, years ago, centuries ago, when I, Edward Fairfax Vere, commanded the *Indomitable*". Vanaf maat 45, voor Vere se laaste woorde in die opera, word 'n B^b-akkoord 'n laaste keer gehoor. Dit herinner die laaste keer aan die verlede, net soos Vere teruggdink aan sy dae op die *Indomitable* (sien vb. 8b).

Die dalende mineurterts kry simboliese betekenis in Vere se slotsang. Waar Vere in maat 55 sê: "and my mind can go back in peace ... ", is daar 'n melodiese mineurterts, B^b - G teen "in peace". Van hier af eindig alle frases met die dalende mineurterts, F - D teen *Indomitable* as slotwoord. Anders as die dissonansie wat veroorsaak word deur B - D teen B^b - D kan die finale dalende mineurterts, F - D wat in die slotakkoord van B^b majeur pas, suggereer dat Vere ten slotte met homself vrede gemaak het (sien vb. 8b).

Voorbeeld 8b: Bedryf II, Epiloog, mate 49-61

Vere I am an

poco a poco dim.

Vere old man now, ... and my mind can go back in peace

dim.

sempre più p

Vere to that far-a-way sum-mer of sev-en-teen hundred and nine-ty - seven,...

56

Vere long a - go now, years a - go, cen-tu-ries a -

freely

58

ppp completely dying away - *morendo*

Vere - go, when I, Edward Fair-fax Vere, commanded the *In-dom-it - a - ble.*

60

SLOW CURTAIN

End of Opera

4.3 Die karakterisering van Claggart in die loop van die opera

Claggart, die boosaardige skeepsprovoos, is van die begin van die opera af besig om Billy te ondermyn. Prominente intervale in die musiek word gebruik om Claggart se baasspelerige houding uit te beeld. Sy skynheiligheid word in die musiek uitgebeeld namate die intrige spanningsvoller raak.

'n Motief wat 'n sterk konnotasie het met die verwarring ("confusion") wat Claggart veroorsaak, is die stygende "Confusion"-kwint (die omkering van Claggart se B - F# kwart). Die motief kom die eerste keer voor in maat 44-47 van die proloog (in vb. 6a met 'n vierkantige hakie gemerk). Vere se woorde: "O what have ... I done? ... Confusion", verwys terug na sy uitspraak wat Billy se dood gekos het. Vere dink met misnoë terug aan die slegte ondervinding op die *Indomitable* wat alles te wyte is aan Claggart se misleiding.

Die idee van die stygende kwintsprong by Vere is nou in die eerste bedryf uitgebrei om 'n tema te word en verwys na "flaw" (proloog, mm. 44-47). Die stygende kwintsprong wat vroeër in Vere se party was teen "divine" (m. 38), is 'n losstaande idee wat 'n voorloper is van die tema wat in maat 44 begin (sien 9a). Die kontras tussen die twee woorde, "flaw" teenoor "divine", is insiggewend. Die twee woorde hou verband met die tema van die hele opera, wat goed teenoor kwaad stel ("good and evil").

Voorbeeld 9a: Bedryf I, proloog, mate 42-50

broadly – *largamente*
passionately

Vere ³
ot of earth. O what have I done?..

42 *molto cresc.*

pp

B. & H. 17889

Vere ^{*dim.*}
.... o what, what have I done? Con - fu -

45 *p* *pp*

Vere ^{*p intensely*}
- sion, so much is con-fu - sion! I have tried to

48 *pp* *Str.* *pp* *Str.*

In bedryf I, toneel 1, mate 448-449, nadat die eerste luitenant vir Claggart gesê het dat hy Billy moet dophou, is Claggart se woorde "I heard, your honour!". Claggart is baie selfversekerd en die dalende kwarte beklemtoon sy outoritêre karakter. Vanaf maat 447 word die dalende kwarte sewe keer herhaal, elke keer op 'n ander toonhoogte in verskillende partye (sien vb. 9b).

Voorbeeld 9b: Bedryf I, toneel 1, mate 447-459

CLAGGART *p dolce* Exit First Lieutenant G.P.

ppp I heard, your ho - nour!

ppp *g bassa*.....

35 With force - *Con forza d.: 80* *f* I heard, your ho - nour!....

d.: d. Brass *pp*

Clag. Yes! I heard.....

455 *cresc*

36 *a tempo* *p*

Clag. *rall.* Do they think I'm deaf?..... Was I born

ppp *pp*

Str. pizz. & Harp

Die f-mineur drieklank het 'n sterk assosiasie met Claggart se boosheid (sien 3.2.3). In maat 459-464 word die akkoord herhaal en elke keer 'n maat lank aangehou. In hierdie gedeelte kan mens agterkom hoe selfvoldaan Claggart is en dat hy nie respek het vir die ander offisiere op die skip nie. Dit word weerspieël in sy volgende woorde: "Was I born yesterday? Have I never studied men and man's weaknesses? Have I not apprenticed myself to this hateful world, to this ship, accursed ship? And oh, the fools! These officers! They are naught but dust in the wind." Mens kan agterkom dat hy hom besig hou met die tekortkominge van ander mense, eerder as hul goeie eienskappe. Met die woorde: "oh, these fools" verskyn

die Claggart kwarte weer (bedryf I, toneel 1, mm. 469-470) en in mate 486-489 en 496-498 word dit nogeens aangetref en gespeel deur die koperblaasinstrumente

Die gemene en onsimpatieke geaardheid van Claggart word deur sy woorde in die opera uitgebeeld. Claggart se woorde "And be damned!" verskyn nadat Claggart vir Squeak beveel het om te gaan (mm. 558-559). Die Nuweling vertel vir Claggart van 'n kind waarop hulle afgekom het en wat nie kan loop nie. Claggart antwoord genadeloos teen 'n f mineur akkoord "Let him crawl" (m. 584, kyk vb. 7 hierbo). In maat 790-791 volg die Claggart kwarte teenoor Dansker se woorde aan Billy "Billy, be warned, keep clear of him".

Die skynheiligheid van Claggart word weer eens duidelik wanneer Billy vir Squeak slaan omdat hy hom betrap het waar hy besig was met Billy se sak. Hier verskyn elke keer slegs een dalende kwartsprong op 'n keer. Claggart se sarkasme kom na vore wanneer die motief verskyn teenoor Claggart se woorde: "Handsomely done, my lad. And handsome is... as handsome did it too" (Bedryf I, toneel 3, mm. 195-198). In mate 213-214, en 219-220, praat Claggart met Billy: "Handsomely done, my lad. Handsome indeed. ..." Hy bedoel dus die teenoorgestelde van wat hy sê, want hy wil Billy se ondergang bewerkstellig. In mate 204-215 stamp 'n seun per ongeluk teen Claggart en sy woorde: "Look where you go! Look where you go!", beklemtoon net sy ongeduldigheid. Hier is twee dalende kwartspronge tweekeer direk gekoppel. Die tweede kwartsprong van Claggart, F[#] - C[#] (sien vb. 2b) word as uitgangspunt geneem vir Claggart se loflied oor die goedheid en "skoonheid" van Billy (mm. 233-234 en 254-256). Die bekende tema: "O beauty, o handsomeness, goodness" word hier aangetref (sien vb. 9c).

Voorbeeld 9c: Bedryf I, toneel 3, mate 233-234

Beauty handsomeness

105 Agitated, with more movement – *Piu mosso ed agitato* 4:33
cantabile

Clag. beau - - ty, o hand-some-ness, good - - ness,

Trb. Solo

233 *p espr.*

Db. Wind restrained

Dit skyn asof hy Billy se goedheid bewonder maar vanaf maat 266 lyk dit of hy Billy wil vernietig, soos blyk uit sy woorde van mate 267-296:

I am doomed to annihilate you, I am vowed to your destruction. I will wipe you off the face of the earth! off this tiny floating fragment of Earth, off this ship where fortune has led you. First I will trouble your happiness. I will mutilate and silence the body where you dwell. It shall hang from the yard-arm, it shall fall into the depths of the sea, and all shall be as if nothing had been! No, you cannot escape. With hate and envy. I am stronger than love.

Uit sy woorde "With hate and envy" blyk dit dat Claggart jaloers was op Billy (mm. 293-294). In mate 303-306 word die tema 'n sekst hoër gehoor, wat die spanning verhoog. In 'n oomblik van swakheid erken Claggart dat om lief te hê nie vir hom beskore is nie. Sy woorde is: "If love still lives and grows strong where I cannot enter, what hope is there in my own dark world for me?" In mate 332-239 keer Claggart se kwartsprong terug na die aanvangsnoot om 'n geslote eenheid te vorm, gevarieer maar steeds deur die tromboon gespeel.

Billy ontken Claggart se beskuldiging wat Dansker teenoor hom noem. Hy vertel hoe Claggart van hom hou en hom geprys het toe hy vir Squeak bygekom het. Sy woorde vanaf maat 560 is: "But Jemmy Legs likes me. He calls me 'that sweet pleasant fellow'". In maat 564 is sy woorde: "He gives me the smile and easy order when we meet. And when I gave Squeak that drubbing, 'handsomely done', was all he said and he smiled. No, he likes me, he likes me. They all like me." 'n Dalende kwartsprong figureer in mate 560 en 562 (Billy), terwyl twee dalende kwartspronge

voorkom in mate 562-9 (tjello). Teenoor Billy se woorde in maat 568 “handsomely done”, word ‘n gedeelte uit die Claggart-tema in Billy se stemparty gevind.

In maat 586 kom die Claggart-motief na vore wanneer Dansker vir Billy waarsku “is down on you”. Die laaste “...He’s down on you...” is F - C - A . F mineur bevestig die verbintenis met die bese in Claggart. In mate 601-613, en 614-630 kom die verskraalde motief telkemale na vore, waar Dansker vir Billy teen Claggart waarsku.

Dit is insiggewend dat die eerste bedryf afsluit met twee dalende kwartspronge F - C in oktawe verdubbel, gevolg deur ‘n G majeurekkoord. Dit is asof die prominente dalende kwartspronge ‘n boodskap wil voorspel oor die bedryf wat volg. Die twee laaste spronge van die eerste bedryf wil die luisteraar vertel dat Claggart se boosheid in die volgende bedryf ‘n hoogtepunt sal bereik.

In Bedryf II, toneel 1, maat 523 verskyn ‘n motief wat herinner aan die werklied wat geassosieer word met muitery (sien vb. 4). Vere waarsku vir Claggart: “Take heed what you say. There’s a yard-arm ... for a false witness” (m. 571). Uit Vere se woorde kan mens sy wantroue in Claggart opmerk. Net na die woorde van Vere verskyn die verskraalde motief in maat 572 (dalende kwartspronge) wat simbolies is van die bese. Nadat Claggart die vals inligting omtrent Billy aan Vere verstrekk het, verlaat hy die vertrek (m. 603). Die arrogansie waarmee Claggart uit die vertrek stap, kan simbolies gesien word in die wyse waarop die verskraalde motief beklemtoon is deur middel van die marcato in maat 603 en aksente vanaf maat 601.

In bedryf II, toneel 2 is die karakteraanduiding *Grave* en is die toonsoort vanaf maat 288 f mineur (f mineur akkoorde gespeel deur die houtblasers en koperblasers). Die verskyning van f mineur gee vir mens ‘n aanduiding wie uiteindelik die botoon gaan voer omdat dit die toonsoort is wat Claggart simboliseer. In hierdie toneel is dit asof die komponis Claggart se onderduimsheid wil beklemtoon (m. 105). Hy kom die vertrek binne waar hy voor Kaptein Vere vir Billy gaan beskuldig van muitery. Die stygende muitery-kwint word hier geornamenteer (‘n variasie op die werklied), die dinamiese vlak is pianissimo en die tempo aanduiding is *lento* wat ‘n dreigende effek skep.

'n Variasie op die werklied (sien muiery-tema, vb. 4) verskyn in maat 117. Vere se woorde illustreer dit: "Remember, both of you, the penalties of falsehood. Master at Arms, stand here. Tell this man to his face what you have already told me" (mm. 117-124). Claggart se woorde aan Billy is veelseggend:

William Budd, I accuse you of insubordination and disaffection! William Budd, I accuse you of aiding our enemies and spreading their infamous creed of 'the rights of man!' William Budd, I accuse you of bringing French gold on board, to bribe your comrades and lure them from their duty! William Budd, you are a traitor to your country and to your King! I accuse you of mutiny.

Claggart beskuldig Billy van 'n aantal dinge en elke keer as hy die woorde sê: "I accuse you", word die prominente stygende muiery-kwint gehoor. Die bogaande woorde van Claggart is sy laaste woorde in die opera en beklemtoon die bose in Claggart.

Die uitslag van Billy se verhoor word vanaf maat 464 in bedryf II, toneel 2 gehoor. Die f mineur akkoorde wat elke keer klink nadat Vere iets sê, dra by om die spanning te verhoog. Dit kan ook suggereer dat Vere se besluit nou finaal deur Claggart voorgeskryf word. Die tema wat Claggart altyd gesing het: "Beauty, handsomeness, goodness it is for me ... ", word nou deur Vere gesing – nog 'n teken waarom Claggart, soos gesuggereer deur sy musikale motiewe, Vere uiteindelik oorheers.

In die epiloog kom die woorde van Vere "O what have I done" teen die motief B - G - F[#] voor (Epiloog, mm. 24-25, sien vb. 9d). Die werkerstema sluit 'n stygende kwintsprong (F[#] - C[#]), en 'n stygende halftoon (C[#] - D) in, wat hier ooreenkomste toon met Vere se "O what have I done" (toneel 1, mm. 19-28, sien vb. 4). Die stygende kwintsprong is vergroot om 'n mineur sekst te word (B - G) en die stygende halftoon is nou 'n dalende halftoon (G - F[#]). Dit is asof die ooreenkomste van die werkerstema (wat 'n sterk konnotasie het met Claggart) in Vere se "O what have I done", Vere laat besef dat alhoewel Claggart dood is, hy nogtans 'n invloed op hom gehad het.

Voorbeeld 9d: Bedryf II, Epiloog, mate 24-25

O what have I done

142 broadly - largamente *f passionately*
O what have I done? O what, what have I done?
Brass
24 *f*
fp
p

In dié hoofstuk is gepoog om aan te dui hoe die verwickelingsintrige van die opera musikaal uitgebeeld is. Daar is aangetoon hoe die motiewe wat in hoofstuk 3 bespreek is, ontwikkel en geïntegreer is met ander motiewe.

Billy, die onskuldige karakter in die opera, word uitgebeeld deur die hakkelfiguur wat op drie wyses gesien kan word: die hakkelfiguur, F[#] - A - D, 'n D majeur arpeggio en die kwint (A - D) wat opgebreek is. Billy se figuur wat vergroot is om 'n majeur drieklank te vorm en Claggart se kwint wat opgebreek word, beklemtoon dat Billy op hoër morele grond beweeg.

Meerduidigheid, wat kenmerkend is van hierdie opera, suggereer die misterie van die opera, asook die stryd of worsteling in kaptein Vere se gemoed. Vere se meerduidige tremolofiguur word meer chromaties soos die opera ontwikkel. Wanneer die majeuretert (B^b - D), prominent word, kan dit suggereer dat Vere meer gefokus is. Die meerduidige openingsmusiek kom weer in die epiloog van die opera na vore, wat kan aandui dat die kompleksiteit van Vere se karakter nie opgelos is nie, ook nie die konflik in homself nie.

Die "Starry Vere"-motief word al hoe onduideliker met die verloop van die eerste bedryf. Ooreenkomste van die werkerstema word in Vere se "O what have I done" gevind.

Prominente intervalle in die musiek word gebruik om Claggart se outoritêre houding uit te beeld. 'n Motief wat 'n sterk konnotasie het met die verwarring ("confusion") wat Claggart veroorsaak, is die stygende "Confusion"-kwint.

Die gereelde verskyning van f mineur in die opera, gee 'n aanduiding wie uiteindelik die botoon gaan voer omdat dit die toonsoort is wat Claggart simboliseer.

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

In hierdie studie is aangetoon dat die konflik tussen uiteenlopende karakters in die musiek vergestalt word deur middel van tematiese materiaal. Kontrasterende musikale idees is gebruik om die karakters en die botsing tussen karakters uit te beeld. In hoofstuk 3 is die musikale idees wat met elke karakter geassosieer word, bespreek en in hoofstuk 4 is aangetoon hoe hierdie idees in die verloop van die dramatiese intrige ontwikkel word.

Meerduidigheid vorm 'n integrale deel van die opera. Die verhaal van Billy Budd gaan nie net oor goed en kwaad nie. Dit gaan om die verskil tussen die aard van elke karakter en hulle dade. Billy, 'n onskuldige matroos, is uitgebeeld deur die hakkelfiguur wat die eerste keer in die proloog verskyn waar Vere sing "There is always some flaw in it" (mm. 32-33). Billy, die onskuldige seun, maak iemand dood. Billy se hakkelfiguur word gewoonlik deur die houtblaasinstrumente gespeel (proloog, mm. 32-38).

Kaptein Vere, die Vader-figuur, beskerm nie vir Billy op sy dag van veroordeling nie. Claggart wat manipuleer om sy sin te kry, kon homself nie uit sy dood manipuleer nie. By Vere word meerduidigheid voorgestel deur die kombinasie van die majeure- en die mineurtert (sien vb. 2a). Benewens meerduidigheid, kan hierdie musikale idee wanneer die B^b vertikaal teen die Bⁿ klink, die stryd of worsteling waarin Vere met homself verkeer, uitbeeld. Soos in 3.2.3 vermeld, word die dalende Claggart-kwarte wat met sy bose karakter geassosieer kan word, teen hierdie motief gehoor, en word die aandag hier op die goeie en die kwade gevestig (sien vb. 3a).

'n Tema wat nog 'n sterk konneksie met Vere het, is die "Starry Vere"-motief (sien vb. 2c). Hierdie motief verteenwoordig die liefdadige tirannie wat die matrose op die skip in Vere sien. In die verloop van die opera word die stygende kontoer van die "Starry Vere"-idee omgekeer om 'n dalende lyn te vorm, ten einde die verloop van die drama musikaal voor te stel. In die opera word Vere se musiek meestal deur die strykinstrumente gespeel (proloog, mm. 1-4). Die strykersgroep wat tradisioneel die kern van die simfonie-orkester vorm, verteenwoordig dus Vere se outoriteitsfiguur op die *Indomitable*.

Claggart, die bose karakter in die opera, word sterk gekarakteriseer deur 'n motief bestaande uit twee dalende volmaakte kwartspronge bekend as die "Claggart-kwarte" (sien vb. 3a). Die "Claggart-kwarte" word die eerste maal teenoor Vere se meerduidige mineur- en majeureerts in maat 14 (B - F[#] - C[#]) gehoor. Die Claggart kwarte word hoofsaaklik deur die tromboon gespeel wat Claggart verteenwoordig (sien vb. 2a). Claggart, wat die bose voorstel, se toonsoort is f mineur, en al verskyn die toonsoort nie elke keer wanneer Claggart sing nie, gee dit nog steeds 'n onheilspellende effek van wat die uiteinde van die drama gaan wees.

'n Tema wat 'n sterk konneksie het met Claggart se karakter, die een wat verwarring veroorsaak, is die werkerslied, 'O heave away, heave' (sien vb. 4). Die werkerstema speel 'n belangrike rol in die ondergang van Billy as persoon en simboliseer dus nie 'n karakter nie. Die essensie van die werkerstema is 'n stygende kwintsprong. Omdat die stygende kwintsprong die omkering is van die identiese Claggart-kwart, word die musikale idee met verwarring geassosieer. Dit is juis Claggart wat Vere se dilemma veroorsaak het.

In hoofstuk 4 is aangedui hoe die musikale idees in die verloop van die opera in lyn met die karakters verander en ontwikkel. Billy se hakkelfiguur is in die opera simbolies van die onvolmaakte. Namate die intrige ontwikkel, kom ander motiewe in Billy se party na vore.

Wanneer die hakkelfiguur ontwikkel (bedryf II, toneel 1) het dit ook meerduidige betekenis (sien vb. 5b). Die hakkelfiguur kan op die drie maniere gesien word: die oorspronklike hakkelfiguur F[#] - A - D, of 'n D majeur arpeggio of die kwint (A - D) wat opgebreek is. Soos in hoofstuk 4 bespreek, beweeg Billy op hoër morele grond. Dit is in die musiek vergestalt deur Billy se figuur, wat uitgebrei is om 'n majeur arpeggio te vorm (D - F[#] - A), en Claggart se kwint wat opgebreek is (A - D). Die D word afgesplit van die kwint om die tonika van die majeur drieklank te vorm. Die hakkelfiguur verskyn ook met tye in die toonsoort f mineur, wat Claggart se manipulasie van Vere en Billy kan impliseer.

Die konflik, wat later in die opera tussen Billy en Claggart sou plaasvind, word deur die werkerslied geantisipeer. Billy se woorde “Farewell to you ... forever! ... Farewell, Rights o' Man” het Claggart en die ander bemanning agterdogtig gemaak.

In hierdie studie is aangetoon dat al die motiewe wat Vere simboliseer, in die loop van die opera verander om te illustreer dat hy ook verander. Die meerduidige tremolofigure van die openingsmate word meer chromaties na mate die intrige meer kompleks word. Vere se pogings om die ewige waarheid te bepaal, word gesien in die musiek deurdat die musikale materiaal wat hierdie woorde van Vere vergesél, kompleks is as die vorige motiewe (sien vb. 6a en 6b). Die konflik in Vere kan ook opgemerk word uit sy woorde “Confusion, so much is confusion!” en “... but I have been lost on the infinite sea”. Die stygende kwintsprong wat in 3.2.3 bespreek is, het 'n verbintenis met die Claggart-kwart, juis omdat die stygende kwintsprong die omkering is van die identiese Claggart-kwart. Die stygende kwintsprong kan ook met verwarring (“confusion”) geassosieer word omdat Claggart Vere se dilemma veroorsaak.

Dit wil voorkom asof Claggart in die opera al die karakters wat deur temas of motiewe gesimboliseer word, infiltreer. Dit wil voorkom asof Vere later in die opera die karakter van Claggart begin aanneem, soos blyk uit die stygende kwintspronge van Claggart wat algaande in Vere se tema verweef word.

'n Verdere motief wat 'n sterk konneksie met Vere het, is die “Starry Vere” motief (sien vb. 2c). Hierdie motief kom in twee gedaantes voor wat verskillende betekenisse kan hê. Die stygende kontoer in die “Starry Vere”-motief, bestaan uit heeltone en 'n mineurterts (wat 'n pentatoniese effek tot gevolg het) waar die dalende kontoer twee halftone bevat. Die stygende motief kom voor wanneer daar verwys word na positiewe eienskappe van Vere, terwyl die dalende motief 'n konnotasie het met Claggart. Hierdie motiewe word gekoppel met die dramatiese verloop van die opera. Die verandering van 'n stygende na 'n dalende kontoer in die “Starry Vere”-motief beeld die ommekeer in Vere se gemoed uit en kan ook die onheil wat later in die opera kom, voorspel.

Die “Starry Vere”-motief word al hoe onduideliker met die verloop van die drama. Wanneer ‘n chromatiese verandering voorkom wat nie die algemene struktuur van Vere se motief verander nie, kan mens dit vereenselwig met skeptisisme of twyfel.

Meerduidigheid word ook in hierdie motief gesien, deurdat die “Starry Vere”-motief in die vierde toneel van die tweede bedryf gevolg word deur ‘n dalende kwart (Claggart se interval) teen “Starry Vere, God bless you!” (mm. 34-35). Al is Claggart dood, hou die gevolge van sy boosaardigheid voortbestaan.

‘n Tema wat ‘n sterk konnotasie het met Claggart se karakter, die een wat opstand veroorsaak, is die werkerslied, “O heave away, heave” (sien vb. 4). Die essensie van die werkerstema is ‘n stygende kwintsprong. ‘n Mens kan spekuleer dat die kwintsprong ‘n bese ondertoon het wat aan die begin van die opera reeds verwarring veroorsaak en Billy se ondergang suggereer (stygende “Confusion”-kwint). Die stygende “Confusion”-kwint word geassosieer met Claggart wat verwarring voorstel omdat hy Vere se dilemma veroorsaak het en die stygende kwintsprong die omkering is van die identiese Claggart-kwart. Die tweede kwart in die Claggart-kwarte word omgekeer om die stygende muiery-kwint te vorm. Hierdie tema verwys na Claggart se boosheid en manipulasie. Daar kan dus aangeneem word dat daar ‘n direkte verband bestaan tussen die Claggart-kwarte en die stygende kwinte want dit het identiese nootname.

In die studie is aangetoon dat sekere musikale idees en motiewe wat aanvanklik met die hoofkarakters in die opera geassosieer is, in die loop van die opera ontwikkel is en met ander musikale idees geïntegreer is om die ontwikkeling van die drama op ‘n musikale wyse uit te beeld.

Bibliografie

ASHMAN, M. 2001. Britten's legacy. *BBC music magazine*: 10(3):3, Nov.

BRETT, P. 1984. Salvation at Sea: Billy Budd. (In Palmer, C., eds. The Britten companion. London : Faber and Faber. p. 135-143.)

BRITTEN, B. 1961. Billy Budd. London : Boosey & Hawkes. 335 p.

BRITTEN, B. 1998. Billy Budd. Hampson, Rolfe Johnson, Halfvarson. London : Elektra. CD: 21631

COHEN, G.A. 1978. Karl Marx's theory of history: A defence. Clarendon Press. 369 p.

CONNER, T. 1995. Writing Revolution: Michelet's history of the French Revolution. (In Schwab, G.M. & Jeanneney, J.R., eds. The French Revolution of 1789 and its impact. London : Greenwood Press. p. 13-21.)

COOKE, M. 1993. Herman Melville's *Billy Budd*. (In Cooke, M. & Reed, P., eds. Benjamin Britten, *Billy Budd*. New York : Cambridge University Press. 177 p.)

CROOK, M. 1995. The rights of man and the right to vote: The Franchise question during the French Revolution. (In Schwab, G.M. & Jeanneney, J.R., eds. The French Revolution of 1789 and its impact. London : Greenwood Press. p. 191-198.)

CULLER, J. 1983. On deconstruction: Theory and criticism after structuralism. London : Routledge. 307 p.

EVANS, P. 1979. The music of Benjamin Britten. London : J.M. Dent. 564 p.

JOHNSON, L.A. 2002. Billy Budd (Opera). *Opera News*, 66(9):76-78, Mar.

MALAN, J.P. 1980. Dalberg, Frederick. (In Suid-Afrikaanse musiek-ensiklopedie. Kaapstad : Oxford University Press. p. 296-297.)

NORTHCOTT, B. 2001. Benjamin Britten. *BBC music magazine*: 32-34, Nov.

SIMON, J. 2000. Britten's *Billy Budd*. *New Leader*, 83(4):50-53, Sep/Okt.

STEYN, L. 1978. Die Afrikaanse operagids. 2^e uitg. Kaapstad : Human & Rousseau. 332 p.

WHITE, E.W. 1970. Benjamin Britten: His life and operas. London : Faber and Faber. 256 p.